Diens aan plaasinwoners

Eersterivier Biblioteek

LORENSIA THOMAS
Bibliotekaris

In 1992 het die maatskaplike werker van die plaas Meerlust die biblioteek genader aangaande storie ure vir kleuters. Daar is gereël dat die kinders van die plaas na die biblioteek gebring word. Die kleuters het die storie uur baie geniet en daar was groot belangstelling en 'n nuuskierige hongerte om nog meer stories to hoor.

Dit was vir die biblioteekpersoneel 'n uitdaging om buite biblioteekgrense te beweeg en 'n diens te lewer en hulle het onderneem om gereelde storie ure met die kleuters te hê.

Omdat die vervoer van die kleuters aan die begin 'n probleem was, is besluit om die projek op die plaas aan te bied. As gevolg van personeeltekorte was dit nie altyd prakties moontlik om na die plaas te gaan nie en 'n alternatiewe oplossing moes gevind word. Die eienaar van die plaas het aangebied om die kinders met 'n vragmotor na die biblioteek te vervoer.

Die storie uur was al blootstelling wat hierdie inwoners aan 'n biblioteek gehad het. Dit het daartoe gelei dat inwoners, veral skoolleerders, belangstelling in biblioteekgebruik ontwikkel het. Van die leerders het by die biblioteek aangesluit. Met die hulp van die eienaar se vervoer word van die inwoners op 'n gereelde basis van die plaas en na die biblioteek vervoer. Die behoefte vir biblioteekgebruik het ook by volwassenes ontstaan. Die vragmotor vertrek weekliks smiddae of saans na die biblioteek om die leerders en hul ouers na die biblioteek te vervoer.

Die inwoners neem aan alle biblioteekaktiwiteite deel. Die groter kinders (grade sewe en tien) het gedurende een skoolvakansie vir 'n week lank, vir twee ure elke dag in die biblioteek gehelp om meer van die biblioteek te leer. So het hulle ook blootstelling gekry aan waaruit 'n bibliotekaris se werkdag bestaan.

Die biblioteekpersoneel het hoë agting vir werkgewers wat die lewensomstandighede, asook die intellektuele vlak van hul werkers wil verbeter. Die vervoer wat die eienaar beskikbaar stel, help met die verbetering van die inwoners se lewenskwaliteit.

Huidige lenersgetalle is:

Juniors	35
Seniors	5
Volwasse	10 (daar was meer maar sommige het verhuis).